# DIE ZASTRONNER

Geregistreerde Nuusblad

Jaargang 5 Volume 10 OKTOBER 1992 Prys R1.50

# SKOOLLEIERS VIR 1993

Eienaar / Uitgewer
Drukker / Redaktrise:
**Diana Rautenbach**


**Adres:**

Die Zastronner
Posbus 54
Zastron
9950

Tel. 1821 Boesmanskop

Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente wat geplaas word, word nie noodwendig deur Die Zastronner onderskryf nie.

Met dank en erkenning aan: Die Munisipale Raad, Adverteerders en Medewerkers.



Nelis Swart en Madeleine Fouché(foto bo) is die Hoërskool Zastron se nuwe hoofseun en hoofdogter vir 1993. Nelis is die seun van mev. Zelna Swart van Vanstadensrus en Madeleine die dogter van mnr. en mev. Manus Fouche van Boesmanskop.

**Leerlingraad**

Kallie Botha en Jomari Kühn is as onderhoofseun en -dogter verkies en Ronel de Wet, Riëtte Hattingh, Bennie Jansen en Wicus Olvier vorm die res van die leerlingraad.

## PRYSUITDELING

Tydens die jaarliks prysuitdelingsfunksie van die skool, was die volgende leerlinge toppresteerders in hul standerd: St. 2 - gesamentlik Androetta Bekker en Naomi Naude, St. 3 - Helét Swartz, St. 4 - Janine de Kock, St. 5 - Inge Schoeman, St. 6 - Chantel Smith, St. 7 - Sunelle Swart, St. 8 - Anneli Roos, St. 9 - Bennie Jansen en St. 10 - Philip Fouché.

Philip Fouché is bekroon as Dux-leerling en Nellis Swart het die Victor Lodorum ontvang vir OVS Platteland Rugby. Jomari Kühn het die Victrix Lodorum-toekenning ontvang vir OVS Platteland Netbal. Die wisseltrofee vir die beste sportman in die laerskool is aan Abrie du Plessis oorhandig. Philip Fouché is die wenner van die Senior-Redenaarsbeker en J. van Vuuren ontvang namens die Kindertuin-afdeling die redenaarsbeker. Die Roxanne Lee Carter-trofee is aan Werner Rautenbach oorhandig. Topprestasies is ook deur die musiekleerlinge behaal.

**ZASTRON APTEEK**
**Gesondheidsorg & Diens**




'n Medikredit-Apteek

SKOONHEID VAN
*Revlon*
*Alexandra de Markoff*
*Yardley*
*Innoxa*

Maandeliks Plus-Promosies en Kompetisies
Alpha-Fotodiens
Green Cross-Skoene
Kaartjies en Geskenke
Sonbrille en Swembadbenodigdhede

TEL (05542) 54 & 355 (huis) 546 * Posbus 400 * Zastron 9950

**NUWE MASJIEN SKEERDIENS**
***met opgeleide NWKV Skeerders***

Ook beskikbaar
***Klasser***
***Afrander***
***Wolgooier***
***Kragopwekker***

Vir die laagste pryse
kontak

**HARRY PRINSLOO**
**TEL. SMITHFIELD 2731**

# REDAKSIONEEL

## HULDE AAN DIE GEWONE MENSE

**Die einde van die jaar word gekenmerk deur toekennings vir verdienstelikheid, prysuitdelings vir prestasies, inderdaad 'n tyd wanneer die bestes beloon en vereer word. Ontvang dan hiermee ook Die Zastronner se gelukwense aan elkeen wat vanjaar bekroon is as 'n wenner.**

**Maar tydens die prysuitdelingsfunksie van die skool, het die hoof en voorsitter van die bestuurskomitee op 'n mooi manier erkenning verleen aan al die leerlinge wat hul deel gedoen het, maar nie 'n prys ontvang het nie. Daarom wil ek vandeesmaand daarby aansluit om 'n wyle hulde te bring aan die gewone mense in ons gemeenskap, getroue werkers wat nooit die sagte streling van die lint oor die bors by die wenpaal voel nie, wat nooit die toejuiging hoor nie, wat nooit die lof van die lourierkrans smaak nie.**

**Hulle is eintlik soos sierstene in 'n groot muur. Afsonderlik word hulle nie altyd raakgesien nie, maar as hulle verwyder word, word die muur onherstelbaar geskend en almal merk die leemte op. Dis hierdie stewige onderlae wat die sterkeres boontoe stoot en daarom mag ons hulle nooit in ons dankbetuigings vergeet nie.**

**Sonder om uitsonderings te maak, glo ek dat elkeen van ons aan 'n paar minder bekende name in ons gemeenskap kan dink, wat eintlik 'n ereplek op die prestasieskaal verdien. Kom ons gee hul erkenning, want ek is seker dat dit hulle is wat op die protokollys van die ewigheid die tydlose toekenning sal ontvang: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg!"**

**REDAKTRISE**

# TOKTOKKIE 1992

**Mev. Helen Shaer, Hoof-Toktokkie, Zastron skryf:**
"Weereens het die Zastronners hulle volle gewig ingegooi tydens die fondsinsameling van die Nasionale Kankervereniging - of soos ons dit almal ken, die Toktokkie-veldtog.

Ten spyte van die moeilike ekonomiese toestande en die knellende droogte is R3 570.40 ingesamel. Ons mense het onselfsugtig hul harte oopgemaak en ons is baie dankbaar hiervoor. Die reuse werk wat die Kankervereniging doen kan nooit oorskat word nie.

Die sukses van die veldtog op Zastron kan toegeskryf word aan die feit dat elke huis in die dorp besoek is om inligting oor die Kankervereniging deur te gee. Op hierdie wyse het ons vlytige Toktokkies - Elize Jansen, Liefie Smith, Rina Bester, Janie Cordier, Lynn Steyn, Petru Fouché, Annemarie Swartz, Dorette van Rooyen, Molly Coetzee, Elize Steyn, Annatjie van der Walt, Lena Kriek, Moira Fenwick, Ronel Burger, Wilna Fouché, Elma Smit, Koekie Jacobs, Anne van Rensburg en Liba Cusens 85 - 90% van die inwoners bereik. Dit was dan ook die entoesiasme en volgehoue ywer van hierdie vroue wat bygedra het tot die wonderlike insameling.

My innige dank vir die taak wat verrig is - soos ons in Engels sê: "I salute you!" Aan ons Zastron-gemeenskap, nogmaals baie dankie.

**SQUARES**

***Meubileerders***
***Geskenkware***
Groot verskeidenheid
altyd beskikbaar
***Volvloermatte***
Gratis kwotasies
Werk gewaarborg
**TEL. 281**
**Posbus 21 Zastron**

# VLOOIMARK EERSDAAGS 'N INSTELLING OP DORP

Die Stadsraad het goedkeuring verleen dat 'n Vlooimark een keer per maand in die midde-dorp gehou sal word.

Hierdie is 'n geleentheid vir besighede, sowel as individue om enigiets beskikbaar aan te bied vir verkope.

Raadslid, Willie Bester, organiseerder van die projek, beoog om dit in 'n ware fees te ontwikkel met stalletjies vir pannekoek, worsrolletjies en allerlei snuisterye. Alle instansies soos kerke, besighede, diens-organisasies en individue wat belangstel, moet mnr. Bester so spoedig moontlik kontak vir verdere reëlings. Mnr. Bester se telefoonnommer is Zastron 234 of navrae kan aan Posbus 391, Zastron gerig word.

# BRIEWE

Lesers is welkom om hul mening te lug. Briewe moet onderteken wees en 'n volledige adres hê. Stuur dit aan Posbus 54, Zastron voor Woensdag, 18 November 1992.


**NEVES KAFEE**

Matheestraat

Zastron

**TEL. 532**



***Spesiale Aanbiedinge***

***Elke Maand***

Kom kyk gerus


## 'N KLIP IN DIE SKOEN


**Die Redaktrise skryf:** Die Zastronner is die afgelope tyd skerp gekritiseer en die plasing van briewe oor sekere insidente op die dorp het baie onmin veroorsaak. Graag word lesers versoek om voordat daar weer tot gevolgtrekkings gekom word, die volgende feite in ag te neem: 'n Briewekolom bestaan uit persoonlike menings van lesers en word nie noodwendig deur die Redaktrise of enige medewerker onderskryf nie. Alle briewe wat ontvang word, word geplaas. Die Redaktrise kan in die briewekolom slegs 'n taalkundige verbetering aanbring of 'n lasterlike aantyging skrap.

Sinterklaas is 'n rubriekskrywer en het derhalwe 'n ietwat vryer sê, mits daar nie sprake van laster is nie. Sinterklaas bevraagteken reeds sedert die eerste uitgawe van Die Zastronner "omtent alles" - soms is hy ernstig, soms skryf hy met 'n tong-in-die-kies en daarom moet hierdie rubriek in 'n ander lig beskou word as die briewekolom.

Lesers moet verder daarop let dat daar 'n reuse verskil tussen die briewekolom en beriggewing bestaan. Alle berigte word deur die Redaktrise of medewerkers geskryf en Die Zastronner aanvaar verantwoordelikheid vir súlke plasings. Geen uitsondering word gemaak wanneer publisiteit aan instansies, verenigings of individue gegee word nie. Selfs berigte wat nie werklik nuuswaardig is nie, geniet ook aandag. Die Zastronner dek egter 'n wye area, daarom is dit moontlik dat nuuswaardighede by ons kan verbyglip en kan dit die indruk skep dat slegs sekere berigte geplaas word. Spasie is egter 'n probleem en daarom moet berigte soms herskryf word om in te pas of selfs oorgedra word na latere uitgawes as dit nie tydsgebonde is nie. Verder is Die Zastronner nie 'n korrespondent van Die Volksblad nie en kan derhalwe nie verantwoording doen vir enige beriggewing wat oor die dorp daarin verskyn nie.

In die lig van bogenoemde feite word vertrou dat Die Zastronner nie langer beskuldig sal word van negatiwiteit nie en dat daar voortaan 'n beter onderskeid gemaak sal word tussen Die Zastronner se beriggewing en die menings van lesers in die briewekolom.


**EIENDOMME**
**PROPERTIES**



No Deal Too Big Or Too Small

Geen Transaksie Te Groot Of Te Klein

***KONTAK BABS CUSENS***

***TEL. 36 OF NA URE 430***



Geregistreer by:

Alex Thornhill

Eiendomme, Kimberley


## SINTERKLAAS SÊ SY SÊ

Daar is seker min dinge wat 'n mens se gemoedstoestand so beïnvloed soos wind. Dit maak mense teneergedruk en moedeloos. Maar ek dink hierdie rooi stofstorms van die afgelope tyd, is genoeg om enigeen se spoed te breek. Ek hoor egter nou die dag die kostelike beskrywing van 'n seuntjie wat na die stofbelaaide lug kyk en geskok uitroep: "Kom kyk net al die besoedeling!" Ons vertrou dat die "besoedeling" nie meer lank sal aanhou nie, maar dat die winde die welkome reën sal bring waarna ons so uitsien.

**Veldbrande**

Wat my egter ontstel, is die veldbrande wat die boere so teister. Dit word meestal veroorsaak deur die nalatige optrede van mense. Daarom doen ek 'n beroep op almal om altyd op hul hoede te wees, want 'n brand ontstaan so maklik en ek dink die boere kry swaar genoeg dat dit nie nog nodig is dat hulle op so 'n wyse van kosbare weiding of vee ontneem word nie.

Die betrokkenheid van ander wanneer 'n veldbrand uitbreek, is ook van groot belang. Dit is almal se plig om te gaan help vuurslaan en nie net mense wat dalk toegerus is met waterkarre of ander hulpmiddels nie. In tye van 'n brand, moet 'n mens maar flou verskonings laat en eerder jou kant bring, want onthou die wiel draai en hoe gaan jy voel as dit by jou brand en niemand wil dan kom help nie!

Groetnis

Sinterklaas

# GEREELDE VERSLAE SKAKEL MISVERSTANDE UIT

**Mnr. O.A. Breytenbach, Posbus 105, Zastron skryf:**

Alhoewel die Munisipale Raad reeds in 1988 verkies is, word hul gelukgewens met hul poging om nou 'n inligtingsverslag oor die afgelope twee jaar, in die dorp te versprei. Ongelukkig het heelwat verslae verlore gegaan, want party is in die draad van hekkies gesteek en het weggewaai of by ander huise is dit nie afgelewer nie.

Kan die Raad nie in die toekoms kortlikse verslae oor hul maandelikse vergaderings aan die rekeninge heg nie?

Dan sal misverstande en valse gerugte nie meer in omloop wees nie en die waarheid kan seëvier.

Raadslede kan vergelyk word met direkteure van maatskappye. Direkteure van maatskappye en koöperasies stuur gereeld verslae aan aandeelhouers en lede.

In die inligtingsverslag van die Raad word etlike bedrae genoem, maar die toekenning van die SDR word verswyg. Sover Matlakeng aanbetref, in terme van Art. 8(E) en 8(F) van die Wet op Tussentydse Maatreëls, word daar tydelik met administratiewe werk gehelp, maar wanneer almal in die volgende verkiesing stem, word Zastron en Matlakeng een Raad.

### Vryheid

Ons leef in 'n land waar daar nog vryheid van spraak is, asook persvryheid. Daarom sal daar altyd positiewe en negatiewe briewe wees. Net soos 'n battery met 'n positiewe en negatiewe pool - ontkoppel die een en die battery werk nie! Dus sal daar sulke soort briewe wees tot in lengte van dae.


NESNA
Voortrekkerstr. Zastron
TEL. 516
Coronation Stene
Hardeware
Deure & Vensters
Hout & Sink & Glas
Spesialiste in
Vadek
PAINT/VERF


# OPEN LETTER FROM MAJOR-GENERAL U.T. CALITZ, REGIONAL COMMISSIONER OF THE S.A.P. IN THE ORANGE FREE STATE, TO THE PROVINCIAL COMMUNITY

Dear Fellow Free Stater

The South African Police is very concerned about the appearance in the Orange Free State of serious, violent crimes like assault, robbery, rape and murder. Should statistics which represent the aforementioned crimes for the periods March 1992 to May 1992, be compared with those of the same period during 1991, a definate increase, with the exception of murder, will become apparent. The number of violent crimes committed during these periods of time in 1991 and 1992 is as follows:

| | 1991 | 1992 |
|---|---|---|
| Murder | 241 | 238 |
| Armed Robbery | 114 | 180 |
| Rape | 411 | 432 |
| Aggravated Assualt | 2252 | 2639 |

It is only natural for the presence of violent crime to evoke fear amongst the members of a community. An increase in violent crimes will cause further tension, instability and insecurity, which in turn will result in people feeling unsafe in their homes and communities.

Investigation has revealed that liquor plays a prominent role in the perpetration of these crimes. I would like to make a serious appeal to you as inhabitants of the Free State, to support the S.A.P. in their efforts to curb the excessive use of alcohol.

Furthermore, on behalf of the S.A.P., I would like to assure you that its members are unquestionably at the service of every community. It is the goal of the S.A.P. to ensure, by virtue of excellent service, the rigth of freedom of movement, security and peace. By protecting residents, the Police will be acting in the interests of the entire community. This service can, however, not be rendered without the assistance of every inhabitant of the Free State. You must help us! You can trust the South African Police. Do not hesitate to report the perpetration or possible perpetration of a crime. Your identity will not be revealed if you so choose.

The following hints can be kept in mind in order to ensure your safety:

- Do not walk alone in dark and remote areas.
- Do not allow strangers access to your home.
- If you are forced to venture out at night try not to do so alone.
- Avoid taverns.
- Do not carry large amounts of money with you, especially your salary.
- Always tell someone where you are going and who you will be with.
- Remember, intimidation is a criminal offence. Do not allow youself to be intimidated by anyone.

Let us join hands in the fight against crime in general and serious crime in particular. We need each other in order to ensure a peaceful and safe South Africa.


ZASTRON BANDE
SUPA QUICK
TEL. 385
Bande
Volledige wielsporing met gerekenariseerde masjien
Skokbrekers
Uitlaatstelsels
"Towbars"
"Bullbars"
PUIK DIENSTE ALLE TYE

# BAIE DANKIE

## CORNIE KÜHN - OORLEDE 31 AUGUSTUS 1992



**Santie, Kinders en Oumas skryf:** Ons wil net ons opregte dank uitspreek teenoor al ons vriende, familie, dokters, hospitaalpersoneel van Saal 20, Nasionale Hospitaal, Bloemfontein en die hospitaalpersoneel van Zastron, ds. Nico de Klerk en ds. Paul de Witt vir al die bystand met die afsterwe van 'n geliefde. Ook baie dankie vir al die besoeke by Saal 20 en op Zastron, vir al die blomme, ruikers, kaartjies, telefoonoproepe asook boodskappe en briewe van medelye met die afsterwe van Cornie.

'n Spesiale dank aan die personeel en bestuurskomitee van die Hoërskool Zastron, asook wyk 13 wat ingestaan het vir die tee en verversings na die begrafnis. Ook ons dank aan die Skoolhoof wat dit vir die leerlinge van die Hoërskool Zastron moontlik gemaak het om die diens te kon bywoon en die koor wat opgetree het. So ook baie dankie vir almal wat eetgoed na die hospitaal en huis toe gebring het. Ons waardeer dit opreg.

**Die Van Tonder en Smith-gesin** wil almal hartlik bedank vir hul bystand met die afsterwe Koos van Tonder. Dit is 'n groot troos om te weet daar is nog ander mense - opregte vriende - wat kan saamleef en saamvoel met ons wat in droefheid verkeer. Ook **die Lionsklub van Zastron** betreur die afsterwe van hul goeie vriend en betuig op hierdie wyse hul meegevoel met die Van Tonder en Smith-familie.

**Mnr. P. Rochér, Skoolhoof, Zastron Hoërskool skryf:** 1992 is feitlik iets van die verlede. Vir my was een van die hoogtepunte die wonderlike samewerking tussen skool en gemeenskap. Die afgelope uitnodigings-atletiekbyeenkoms was 'n sprekende voorbeeld hiervan. Baie dankie aan elke ouer, asook die munisipaliteit vir hul bydrae in hierdie verband gelewer. 'n Woord van opregte dank aan almal wat nie as ouers aan ons skool verbonde is nie, vir u lojaliteit jeens die skool. Ons dink in besonder aan persone wat as beamptes by ons atletiekbyeenkoms opgetree het. U ondersteuning word opreg waardeer.

**Leon en Ansa Barnard, Posbus 29, Senekal skryf:** Aan ons kliënte en vriende - baie dankie vir u ondersteuning, belangstelling en vriendskap gedurende die afgelope twee jaar. 'n Besondere woord van dank vir 'n heerlike afskeidsfunksie - u teenwoordigheid was 'n riem onder die hart.


Dit was 'n besondere voorreg om deel te kon wees van hierdie gemeenskap. Nie alleen was die nuus ontydig nie, dit het heelwat wroeging gebring. Maar, so sê die Prediker, daar is 'n tyd vir alles .... Wees verseker - ons het mooi herinneringe om te koester van hierdie dorp en sy mense. Vrede en voorspoed vir die toekoms.

**Mnr. Frikkie van Ronge** wil graag die hospitaalpersoneel van Bloemfontein bedank vir hul bystand tydens sy onlangse operasie. Baie dankie ook aan dr. Van Rooyen vir sy hulp.

**Die Hoof, Gedenk Kinderhuis, Ladybrand skryf:** Woorde ontbreek om ons dank aan u almal oor te dra vir die opknap en versiering van Huis Emily Hobhouse. Alles lyk só mooi en ons weet maar al te goed dat u almal baie hard moes werk om fondse vir alles bymekaar te kon maak. Baie dankie ook aan ds. Paul en die dames wat hier was om die praktiese deel te doen en aan mev. Elsabé Jordaan vir die maak van die gordyne en dalk nog die duvetoortreksels ook! Ons wil u verseker dat u pragtige gesindheid, u groot opoffering en u heelhartige ondersteuning vir ons geweldig baie beteken. Mag die Here u almal baie ryklik seën.

**Mev. Molly Coetzee, Zastron skryf:** Ons Bloedskenkkliniek gaan van krag tot krag en ons het in Oktober weer 'n rekordskenking van 59 eenhede ontvang. Baie dankie aan ons skenkers. Die datum van Desemberskenking is vervroeg na **4 Desember** en ons doen 'n beroep op u om dit verseker te ondersteun. Baie dankie aan die Kerkraad vir die gratis gebruik van die Kerksaal, aan Attie Connoway vir sy vriendelike hulp en aan al die OVV-lede wat vir die toebroodjies sorg en ook help met die teebe-diening. Seënwense aan u almal vir Kersfees en die Nuwe Jaar.

# RENDEZVOUS GEBRUIKTE MOTORS



## LADYBRAND

**TEL. 2936/2729**

NA URE: T. Nel 2441
B. Naude 2720
L. Steyl 40821
E. Lehasa 40088

| | |
|---|---|
| 1991 Nissan Skyline 2Lit GL+ Air/C 26 000 km | R34 700 |
| 1991 Nissan Sentra 1.3L 40 000 km | R25 300 |
| 1991 Opel Cub 140 38 000 km | R25 300 |
| 1990 Honda 150 12 W Outomaties + Air/c | R37 000 |
| 1989 BMW 316 I 71 000 km | R35 200 |
| 1989 Jetta CSX + Air/C 63 000 km | R28 500 |
| 1988 BMW 730 I + Serv/R 82 000 km | R96 000 |
| 1988 Jetta CLI + Air/C | R26 950 |


# NUUSBROKKIES

### Geboortes

Op 5 Oktober is Lodik en Christine Jordaan se eersteling, 'n dogtertjie in Bloemfontein gebore.

Pieter en Esmé du Plessis van Bethlehem het op 7 Oktober 'n seuntjie ryker geword. Dit is die egpaar se tweede kind en Stevie en Susan Stevens is die trotsé grootouers.

### Verlowing

Frikkie en Corrie van Ronge se dogter, Annette het vandeesmaand verloof geraak aan Edwin, seun van Sarel en Anna Nagel.

### Huwelike

Jan Joubert en Virginia Visagie tree op 31 Oktober in die huwelik. Jan is die seun van Dora Joubert en Virginia die dogter van Sors en Marietjie Visagie.

### Siektes

Mnr. Frikkie van Ronge het op 6 September 'n noodoperasie in Bloemfontein ondergaan.

Mev. Itti de Wet en mnr. Bokkie Labuschagne is in Bloemfontein in die hospitaal. Mev. Jesse Schultz het geval en haar heup gebreek.

Met die ter perse gaan was die volgende pasiënte in Zastron-hospitaal: Mnr. Christo Groenewald, mnr. J.S. Booysen van Wepener, mev. Naomi Pieterse.

### Heengegaan

Op 30 September is mnr. J.S. van Rooyen van Vanstadensrus oorlede. Hy was 79 jaar oud.
Mnr. Koos van Tonder is op 2 Oktober in die ouderdom van 71 jaar oorlede.
Mev. C.E.M. Venter (80) is op 3 Oktober oorlede.
Op 7 Oktober is mnr. Dirk Strydom, vroeër van die plaas, Bagley, Boesmanskop oorlede. Hy was 77 jaar oud.
Mnr. Willa Greyling se suster, mev. Maria Vos (80) is op 21 Oktober te Welkom oorlede. Sy het vroeër op die plaas, Wanatha, Boesmanskop gewoon.

### November-Verjaardae
Zastron N.G. Kerk

1 Anna Nagel, Jan Barnard, Koba Barnard
2 Koos Labuschagne, Johanna Riesenbeek, Danie van Heerden
3 Nico de Klerk
4 Thinus Naude, Carien van Aarde
5 Ria Roberts
6 Anna Roberts, Moira Fenwick
7 Petrus Jordaan, Sara Calitz
8 Charles Errington
9 Christina Coetzee, Baba Welgemoed, Rita Calitz
10 Elsuna Church, Inus van Schalkwyk
11 Sara Steyn, Rachel Nortier, Thabu van Rooyen
12 Elize Carelse, Blackie Swart
14 Boet Schoeman, Stienie Cronjé, Susan Stevens
15 Nan Henning, Bets Wiggett
16 Anna Fouche, Martie Kleynhans
17 Miemie Jordaan
19 Lena Kriek, Dries Botha
21 Xander de Kock, Anton Lamprecht, Susara Roodt
22 Philippie Herselman, Babs Swanepoel, Rika van Zyl

23 Marietjie Wolfaardt
24 Sarika Mostert
25 Frikkie Wepener, Sam Rohrbech, Lien Meyer, Johan van Tonder
26 Tersia Deneys, Magda Sutherland
28 Annie Redelinghuys, Chris Botha, Linda Alexander
29 Bessie Stevens, Bok van Tonder, Sophia Terblanche, Charmaine Smith
30 Johanna van den Berg, Lynne Steyn, Gert Herzog, Gert Hertzog
24 Demott Cusens

**Vanstadensrus**

4 Peter Viljoen
9 Naas van der Hoven
14 Rina van den Heever, Bertus Roux, Daan Marais
19 Muffie Thörmahlen
23 Manus Fouche
25 Tina Cronjé
28 Lucia Wilken
29 Kobus Fouche

## DISCOUNT BARGAINS




**Elmo en Babs Cusens het vandeesmaand die gesinswinkel Discount Bargains geopen waar B & L Trading voorheen was. Die winkel bied iets van alles en Zastronners kan gerus daar gaan inloer. Besigheidsure is weeksdae vanaf 07h30 tot 18h00 en Sondae vanaf 09h00 tot 12h00. Op die foto verskyn van links na regs Wilma Botha, Anet van Ronge, Babs en Elmo Cusens.**

**Algemeen**

Juanné Jordaan, wat maar skaars 'n jaar op Oranje Meisiesskool is, het die mooi prestasie behaal om as skool- en koshuisprefek verkies te word. Sy is ook hoofredaktrise van die Laerskool se koerant.

Mnr. en mev. Jan Greyling van Boesmanskop se kleindogter, Ursula Jonker, is verkies as onderhoofdogter van Fichardtpark Hoërskool. Sy het ook verder volle erekleure ontvang met onderskeidings in drie vakke. Ursula is die oudste dogter van Bennie en Cilla Jonker.

'n Volkswagen Motorsleutel in 'n bruin leerhouer is vandeesmaand by Pep Stores gevind. Die eienaar kan dit by die toonbank kry.

**Misdaad**

Elke maand vind 'n inligtingsvergadering plaas. Die volgende vergadering is op 27 November om 10h00 in die stadsaal. Dit is 'n misdaadforum waar inligting uitgeruil word en klagtes van die publiek aangehoor word. Die Polisie doen 'n beroep op die gemeenskap om die vergaderings te ondersteun.

Andries Mulder het vandeesmaand groot skade gely toe 39 merino's op Moolmanshoek en 97 skape te Guinesses gesteel is. Die saak word ondersoek. Op Mooifontein word twee skape vermis. Sewe skape ter waarde van R980 is van mnr. Basie de Klerk gesteel. Twee skape is reeds in Lesotho teruggevind en die ondersoek duur nog voort. Mnr. Piet Labuschagne van die plaas, Eldorado vermis 17 skape en by Charles Church is 5 skape gesteel. Op Jerigo van mnr. J. KLopper is hoenders gesteel en twee mense is in verband met die voorval gearresteer.

Op 2 Oktober het twee gevangenes daarin geslaag om uit die tronk op Zastron te ontsnap. Danksy knap speurwerk van konstabels Teleke, Mata en Montgosi is hulle tydens 'n voetpatrolle in die middedorp weer in hegtenis geneem.

Op die plaas, Geluksvlei is 'n radio-kassetspeler ter waarde van R160 gesteel. Op Papenfus het mieliemeel en waterpype weggeraak en by Foschini is een persoon gearresteer weens winkeldiefstal.

Tydens 'n padblokkade op 4 Oktober is 'n nege mm parabellum pistool ter waarde van R2 000 op die Sterkspruitpad teruggevind. Die saak word nog ondersoek.

**J. FOUCHE & KIE**
*Prokureur*
Volkskas-gebou Tel. 259 (Z)
Zastron Tel. 5 (R)

**BELEGGINGS**
*Verbande en Finansiering*
**BOEDELBEPLANNING**
*Testamente en Boedelberedderaars*
**EXACTAX**
*Inkomstebelastingdienste*
**EIENDOM**
*Verkope en Verhuring*
**VERSEKERING**
*Makelaarsdienste*

**DIE OOG BAKKERY**



*Probeer gerus ons Vars Brood, Banket*
*Wegneemetes en Teekamer*
Ons wil u graag bedien
Bestuur:
Hans en Marie Botes
Martina Botes & Elize Steyn
TEL. 584

# WENNERS VAN INKLEURWEDSTRYD





Warner Lambert het 'n landwye inkleurkompetise by apteke aangebied. Kinders vanaf voorskoolse ouderdom tot en met 13 jaar kon deelneem. Elke ouderdomsgroep is afsonderlik beoordeel.
Op Zastron was Martie Swanepoel (links) en op Rouxville Lize Terblanche (regs) die gelukkige wenners van die pragtige ysbeertjies.


**Soekie Venter**
**Eiendomsagent**
Tel. 72 alle ure

UNITED
ALLIED
SANTAM BEPERK

SANTAM
MULTIPLEX
*Die wydste dekking onder een sambreel*

Lenings kan gereël word

Vrystaatse Lewendehawe
Gustavusstraat 24A
Posbus 6
ZASTRON


# VERKIESING VAN MUNISIPALE AMPSDRAERS EN VERTEENWOORDIGERS VIR 1992/93

Die volgende raadslede word na voorstelling en sekondering in die onderskeie ampte verkies:
Burgemeester - Raadslid Dr. Jansen
Onder-burgemeester - Raadslid Bester
Bestuurskomitee - Raadslede G. Smith, Botha en Shaer
Voorsitter van Bestuurskomitee - Raadslid G. Smith
Onder-Voorsitter van Bestuurskomitee - Raadslid Shaer
Plaasvervangende lid van Bestuurskomitee - Raadslid T. Smith
Hospitaalraad - Raadslid G.A. Smith
Zastron Landbougenootskap - Raadslid Jansen
Zastron Ontwikkelingsvereniging - Geskrap
OVS Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds en Vrystaat Munisipale Mediese Fonds - Burgemeester
Munisipale Werkgewersorganisasie - Raadslid G.A. Smith
Zastron Boerevereniging - Raadslid T. Smith
Huis Vergesig - Raadslid G.J. Botha
Mohaleshoek/Zastron Distrik Skakelkomitee - Raadslede Jansen, Bester & Shaer
Zastron Verhoudingskomitee - Geskrap
Lid van Onderhandelingspan - Raadslid G.A. Smith
Streekontwikkelingssvereniging - Geskrap
Boerdery ad-hoc komitee met volmag om te koop en te verkoop - Raadslede Jansen en Botha
Gespreksforum - Geskrap
Kontakgroep met Swart Raad - Volle Raad
Streekdiensteraad - Raadslid Shaer


**MALHERBE, SAAYMAN & SMITH**

*Prokureurs Notarisse*
*Taksateurs*
*Eiendomsagente*
*Transportbesorgers*

Hoofdstr. 36 Bus 44
ZASTRON
9950

Tel. & Faks 05542-39&6


# UITNODIGING


Alle oud-raadslede van die Zastron Hospitaalraad word op Vrydag, 13 November om 09h00 uitgenooi na die blanke hospitaal. Tydens die geleentheid sal van mnr. J.D.K. Saayman afskeid geneem word wat as voorsitter en raadslid uittree.

# FORELDAG-UITSLAE

Ongelukkig is geen forelle op 10 Oktober tydens die hengelkompetisie te Kloofdam gevang nie. Karpe was die enigste vis wat gevang is en Gerald van Rooyen verower die eerste prys met die swaarste karp en sak van die dag. Hy wen onder andere die sak, R90 kontant en 5 kg wors. Die tweede swaarste karp en sak vis van die dag is deur Jaco van Zyl gewen en sy prys bestaan uit 'n skaap, 5 kg maalvleis en glase. Linda Schwartz het gewys dat dit nie net die manne is wat kan visvang nie en wen 'n skaap as derde prys.

# ZASTRON SLAGHUIS

**HOOFDSTRAAT 25**



**TEL. 20**

---

## SPESIALE GROOTMAAT AANBOD

**3 kg Boerewors (Tiemie) @ R7.80 per kg**

**3 kg Maalvleis @ R7.80 per kg**

**3 kg Beesstowevleis (Rib, brisket en kortrib) @ R6.50 per kg**

**3 kg Skaapstowevleis (rib, nek & skenkel) @ R8.25 per kg**

---

## BRAAIDISSE

***Gemarineerde skaaprib en tjops, bees/hoender-sosaties***

***"Pofadder" en "T-Bones"***

***Heel hoender @ R6.20 per kg***

***Braaipakke @ R6.80 per kg***

---

***AANBOD SLEGS GELDIG VIR***
***31 OKTOBER, 2 & 3 NOVEMBER 1992***

PLAAS U KERSBESTELLINGS VROEGTYDIG VIR

SOUTVLEIS, BEESTONG, BEESROLLE, LAMSROLLE, GAMMONS, ENS.

# ZASTRON SPORTKARNAVAL

"Kom bring die hele familie, daar is vermaak vir 'n ieder en elk, kom en ontspan en geniet 'n dag vol opwinding" só beskryf die organiseerders die groot sportdag wat op Saterdag, 21 November by Montagu dam aangebied word.

Die verrigtinge begin reeds om 08h00 wanneer die gholfgeesdriftiges by die gholfklub afslaan. Pryse soos 'n televisiestel, 'n gratis vakansiepakket en nog vele meer is op die spel.

GREYLING-VERVOER
bied aan
Algemene vervoer van tien ton vragte
* Lewende Hawe
* Meubels landwyd
(Toe vragte)
Vir meer inligting skakel
KOOS GREYLING
TEL. 3302 ZASTRON

Om 08h30 kan die potjieskosliefhebbers by die dam hul vuurtjies aan die gang kry en rustig die dag se verrigtinge gade slaan.

Om 10h00 demonstreer die Vleisraad die bewerking van sekere vleissnitte en hou 'n inligtingspraatjie oor die verkoop van beesvleis.

Vir die jongspan is daar boeresport om 11h00 en waterkaskenades om 14h30. Hier is nie net dertig aantreklike pryse wat gewen moet word nie, maar dit waarborg ook dat die lagspiere geprikkel gaan word.

Vir diegene wat so 'n bietjie nostalgie wil ervaar, is daar kapkarritte of 'n vlotresies vir die met ondernemingsgees. Om vir 'n prys in aanmerking te kom, moet 'n vlot gebou word en oor 'n deel van die dam gevaar word. Vir die meer waaghalsige word para-ski aangebied. Asof dit nie genoeg is nie, sal daar ook 'n watersportvertoning wees wat deur Springbok en ander provinsiale skiërs aangebied sal word.

Aan eetgoed sal daar ook geen gebrek wees nie. By die kafee sal lekkergoed, koeldrank en allerhande versnaperinge te koop wees. Later die middag sal vleisgebraai word en 'n "Moutwoud" sal in die behoeftes van die dorstiges voorsien!

WACKO'S
VIR VIDEO'S
Tel. 246
Reichenbergstr. 72
(Langs die Poskantoor)

Die koste vir die gholfspelers beloop R25 per persoon en toegang by Montagu dam is R5 per motor. Vir huisvesting of verdere besonderhede, kan ds. Paul de Witt, tel. 75 of Bok van Niekerk, tel. 142 (w) of saans 42 (h) gekontak word.




## SUPA QUICK-DANS

Op 21 November om 19h00 word 'n dans in die stadsaal gehou. Die orkes, Avanté beloof om in almal se smaak te val en die koste beloop R40 per paar en sluit 'n ete in. Elkeen is verantwoordelik vir eie drinkgoed. Die drag is semi-formeel. Kaartjies is by Supa Quick beskikbaar.

## AASVOËLBERG BUITELUG HOËRSKOOL

Oud en jonk word vriendelik uitgenooi om op Sondag, 29 November om 11h00 die Plantroete te besigtig. Vir verdere inligting skakel Louis Alberts, tel. 323 (w) of 412 (h)

## BEHOEFTEBEPALING VIR TOER

'n Gemeentetoer vir diegene wat nie meer bloedjonk is nie, maar nog lank nie grys is nie na SWA/Namibië word vir 1993 in die vooruitsig gestel. Die kostes, toerprogram en datums sal eers bekend gemaak word nadat daar vasgestel is of daar belangstelling is. Ds. Nico de Klerk het verduidelik dat daar spesifiek op die ouderdomsgroep "tussen-in" besluit is, daar die jeug en bejaardes al geleentheid gehad het om te gaan toer. Belangstellendes moet asseblief voor einde November met Lintie Swanepoel of ds. Nico de Klerk skakel.

# OPLOSSING VIR BLOU MAANDAE!



'n Sjampanje-ontbyt in die hotel om 08h45 is net die ding om die angel uit 'n Maandagoggend te dryf en die Eva's het dit vandeesmaand met oorgawe gedoen. Op die foto word 'n glasie geklink op elke "Adam" wat hierdie fees vir sy Eva moontlik gemaak het! Die volgende byeenkoms is op 26 November by die swembad - Jammer manne, dis geslote!

## WEES GEREED - AANVALLE KAN VOORKOM WORD

Die VLU het vandeesmaand, in samewerking met die Afdeling Openbare Skakeling van die Polisie, 'n leersame praatjie in die stadsaal aangebied.

Sers. Riaan Human het beklemtoon dat veiligheid nie uitsluitlik die verantwoordelikheid van die man is nie, maar dat die vrou die vermoë het om leemtes maklik te identifiseer. Dit is nodig dat elke huis oor 'n noodplan beskik en dat elke lid van die gesin weet hoe om in 'n noodsituasie op te tree.

Navorsing het onder andere getoon dat 90% van aanvalle op boere en bejaardes voorkom kon word en dat 60% van alle aanvalle bedags plaasvind.

Lt. Das van Deventer het die regsaspekte van wanneer 'n mens mag skiet verduidelik. Die noodweerbeginsel - dat 'n aanval wederregtelik en dreigend moet wees en dat eiendom of lewe beskerm word, is aan die hand van praktiese voorbeelde gedemonstreer. Lt. Van Deventer het afgesluit deur te sê dat die hof altyd 'n saak objektief beoordeel en daarom moet 'n mens dood-seker maak dis werklik nodig, voordat jy skiet.


DIE UNIE DRANKWINKEL



Bus 23
Tel. 6

Ons waarborg persoonlike aandag

Dawid & Elsabe Jordaan


## TUINBOUKLUB

Die Tuinbouklub van Zastron beplan om die tweede week i November 'n uitstappie na Bloemfontein te onderneem. 'n Paa tuine sal besigtig word en middagete sal in een van die pragtig tuine geniet word. Indien non-lede belangstel om saam te gaan kontak Rina Bester, tel. 234 of Anne van Rensburg, tel. 296 s spoedig moontlik vir meer besonderhede.

## VOORDRAG OOR VREDE RAAK BAIE

**Mev. Helene Snyman hèt die stuk tydens die werkswinkel oor vrede e samewerking voorgedra:**

**"Wie is ek? Here, wie is ek? 'n Mens tussen mense; 'n vrou tussen vroue geplaas in 'n land so mooi, maar so sinneloos verniel deur woord en daad Asseblief, Heer, herstel en vertroos tog weer hierdie skoon, maar gekneusde lan van my. Laat sy waters weer skoon vloei, laat sy lug weer skoon wees om i te asem, laat sy verskrompelde heuwels weer groen word, voed sy grond wat on in ons hebsug uitgemergel het en stop die kanker van vermorsing en agterbuurte O Heer, ek bid vir die liggaam van my land; ek bid vir sy fisieke herstel - my skoon en gulle land wat lewe en voorspoed vir so baie mense gegee het. Maar bowe-al bid ek vir die herstel van my land se gees; vir sy karakter, wat eens sterk en trots was soos sy woude en helder soos sy bergstrome. Maar ook dit is nou vol modder, verwond, verneder en uitmekaar geskeur. Ag Heer, my land is tam en sy mense is moeg vir haat en vernietiging. Ek bid vir sy voortbestaan en die voortbestaan van sy mense. Weer ons teen ons aanvallers; weerhou die hande van hulle wat hom wil vernietig en rig hul kragte tot die taak van opbou pleks van aftakeling. Ag Heer, moenie dat hulle hom wegneem nie; moenie dat hulle hom tot vernietiging voer nie. Want U het beloof: "Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek vir julle."**


ONS KRUIK
Matheestr. 26, Zastron

Vars Blomme



Bestel nou somerplantjies & struike

TEL. 382

# ADVERTENSIES

Geklassifiseerde advertensies kan aan Die Zastronner, Posbus 54, Zastron gestuur word. Die koste beloop R5 per plasing. Indien dit meer as 20 woorde beslaan, sal dit 'n addisionele R5 kos. Geklassifiseerde advertensies moet vooruitbetaal word.


CALEDON MAKELAARS BK
*U onafhanklike Versekerings-makelaars*
U het ons nodig indien u voel dat u -
* PREMIES TE HOOG IS ...
* PORTEFEULJE HERSIEN MOET WORD
* ONAFHANKLIKE ADVIES VERLANG
ONS VERSKAF GRATIS KWOTASIES
Skakel vandag nog
ZASTRON TEL. 259


## TE KOOP

Miniatuur worshonde te koop. Skakel (05542) 355(w) of 546 (h)

Skaaphondjies beskikbaar. Ouderdom 6 weke. Skakel saans Zastron 1512

Twee enkelhangkaste te koop. Skakel mev. R. Saayman, tel. Zastron 60.

Netjiese Koedoevelskoene asook ander velskoene vir werknemers te koop. Pryse baie billik. Skakel Zastron 425.

## GESOEK OM TE KOOP

Blackie Swart van Mayaputi, Zastron soek poue om te koop - 'n mannetjie en twee wyfies. Skakel Zastron tel. 3911

## ALGEMEEN

### GOUE GELEENTHEID

Wees omgewingsbewus en gebruik net produkte wat lief is vir die natuur, voëls, diereryk en uself. GEBRUIK GOLDEN PRODUKTE. Vir enige navrae of persoonlike besoek, kontak Megan Higgs, tel. 3703 Zastron

### AASVOËLBERG GRAS

Ek bou lapa's, rondawels en grassambrele teen billike pryse. Indien u belangstel, skakel Zastron 621 na 17h00.

### PLAASVAKANSIE VIR KINDERS - SCHUIFKOP - ZASTRON

Kinders tussen die ouderdom 10 tot 18 jaar is welkom. Tennis, perdry, swem, snoeker en nog baie ander pret. Die leer van vaardighede, asook om Engels/Afrikaans te praat. Vol losies R50 per persoon per dag vanaf 15 November tot 23 Desember. Kontak Megan Higgs, Schuifkop, Zastron. Tel. 05542 - 3703


ZASTRON APTEEK & ROUXVILLE APTEEK
bied u nou
*JEAN BARÉ KOSMETIEK*
Gesigsontleding en Skoonheidsraadgewing deur deskundiges op gereelde basis
Kom maak 'n afspraak en bederf uself!
Tel. (05542) 355 of 54
Rouxville tel. 387



*ARCHIE SE TUINDIENSTE*
* Deskundige beplanning & uitlê van tuine
* Opknapping van bestaande tuine
* Instandhouding van blomtuine & grasperk
* Verwydering van tuinafval & skoonmaak van perseel
*Gee ons u blomtuin en grasperk en moenie u verder daaroor bekommer nie (eenmaalliks of op kontrak)*
Vir kwitasies
Skakel Zastron 621 na 17h00

# DIE WYSE GRYSES VIER ALWEER FEES!

Feestelikheid is deesdae sinoniem met die Gryswys Klub en daarom was Dinsdag, 6 Oktober geen uitsondering nie.

Om 10h00 het ds. Nico de Klerk 42 bejaardes en minder-bejaardes 'n genotvolle dag toegewens, waarna ons na Hansie en Rita Calitz vertrek het.

Die knellende droogte was so opsigtelik dat sugte van meegevoel telkens gehoor is, maar Hansie en Rita se tuin op Pietersfontein was egter 'n prentjie. Hul gasvrye-vriendelikheid het ons almal egter omvou en 'n genotvolle kuiertjie beloof.

Na die opening met skriflesing en gebed, verjaardagwense en verwelkoming het almal gesellig verkeer, terwyl die hoenders op die spit gebraai is. Jannie en Hanri het gesorg dat die sosaties sag-sissend gaar word, terwyl ons rustig deur die tuin gewandel het.

Megasave
INDEPENDENT SUPPORT GROUP
VANANCO
Groothandelaars
ZASTRON
AGENTE VIR
Sentraalwes (Koöp) Bpk
Sasko
TEL
346
179
Kom vergelyk ons pryse
VRA VIR RONNIE OF MIKE

Die weglê aan al die heerlike geregte was iets om te aanskou Al kouend-stukkend en skaterend het die tyd aangestap. N koffie en nóg ietsie vir die soettande, het ons huiswaarts gekeer Ons het ons maats, wat weens siekte nie teenwoordig kon wee nie, baie gemis - ons vertrou dat ons met die volgende byeenkom voltallig sal wees.

Opregte bejaarde-dank weereens aan Hansie en Rita - dit wa heerlik om by julle te kuier!

# INTERESSANTE FEITE RONDOM GENL. SMUTS SE TOG DEUR DIE ORANJERIVIER

**Mnr. Piet Wessels, Vanstadensrus skryf:**

Dit gebeur nou dikwels in gesprekke dat mense wonder waar genl. Jan Smuts in die nag van 3 September 1901, tydens die Tweede Vryheidsoorlog deur die Oranjerivier is met sy kommando van 300 man om die Kaapprovinsie in te val. Die plan was om die Kaapprovinsie in te val en sodoende die geweldige druk van die Britse oormag op die Vrystaat te verlig.

Ek haal aan uit die boek "Commando" van Denys Reitz. (Reitz was lid van genl. Smuts se kommando). "Ons kommando het binne sig van die afgebrande dorpie Sastron (dis Reitz se spelling!) vergader. Teen die middag het ons in die rigting van die rivier getrek en omtrent 5 nm kon ons 'n donker streep voor ons sien waar die rivier tussen hoë kranse gevloei het.

Ongelukkig was dit nie al wat ons kon sien nie. Ons kant van die rivier het gewemel van Britse troepe. Toe Smuts dit sien, het hy ons terug die rante in gelei waar ons tot die volgende dag gewag het. Teen skemer het 'n jong offisier, Louis Wessels, opgedaag en berig dat die vyand ons van agter toesak en dat indien ons nie daardie nag deur die rivier kom nie, sou ons vasgekeer word.

Die rivier was oral moeilik om deur te gaan vanweë die hoë kranse en die nou spleet waardeur die rivier vloei. Maar Wessels het 'n veteraan uit die Basoetoe oorloë saam met hom gebring en hy sou ons daardie nag deurlei. Ons het uur na uur in die donker langs die rivier opgery (dis skynbaar van Mayaputi-brug se rigting langs die rivier op).

Teen drie-uur die oggend het ons die rivier ver onder ons gesien en ons het die steil afdraende langs die berg af na die rivier afgedaal. Toe het ons in enkel gelid deur die rivier begin ry. Die stroom was nie breed nie, maar die water was onstuimig en het sterk gevloei en met dagbreek was die hele kommando deur die rivier.

Nadat ons 'n rukkie gerus het, is ons deur 'n diep gleuf deur die kranse na die plato bo-op die berg. Ons was nou in Britse gebied. Ons was in 'n gebied waar die grense van die Vrystaat, Basoetoeland en die Kaapprovinsie bymekaar kom."

Min het Reitz geweet dat hy op hierdie einste plato amper sy dood gevind het, toe sy groepie deur Basoetoes afgesny is. Een burger is gevang en lewendig afgeslag.

Kom ons kyk nou wat skryf mnr. Tom Sinclair, vroeër geskiedenisonderwyser op Zastron. Mnr. Sinclair se vertelling kom ooreen met dié van Denys Reitz. Mnr. Sinclair identifiseer die deurgang as 'n nou gleuf in die rivier waar die distrikte va Zastron en Rouxville aanslui by die Herschelse grens op di plaas, Klaarwater.

Nou daar het u dit. Wie wi gaan kyk? Neem my ne saam.

Finansiële Adviesdiens
OU MUTUAL
Kry meer uit die lewe
Kontak Frik Smit
Tel. 131
Ou Mutual
VLK-gebou
Zastron
MUTUAL & FEDERAL
VERSEKERING
rotsvas

# ZASTRON HOËRSKOOL

## BIOLOGIE-OLIMPIADE

Nege-en-twintig leerlinge het op 5 Augustus aan die jaarlikse Biologie-Olimpiade deelgeneem.

Hulle het puik presteer en almal het in hul onderskeie afdelings onder die eerste dertig in die Vrystaat geëindig. Hier volg slegs die name van die toppresteerders:

St. 10 - Izanne Roos (25ste) en Philip Fouché (29ste). In St. 9 - Ronél de Wet en Kallie Botha (20ste), St. 8 - Anneli Roos (15de) en Sarel Dry (20ste).

Die ses leerlinge wat in die St. 7-afdeling deelgeneem het, het punte behaal wat hul almal onder die eerste twintig posisies in die Vrystaat plaas. Jean-Mari Claassens (11de) en Lindrie Swanepoel (13de).

Ook die tien St.6-leerlinge behaal punte wat hulle onder die eerste 20 posisies in die Vrystaat plaas. Liesel Human en Chantelle Smith (6de), Marli Botha (8ste), Herda Roodt en Erna Labuschagne (9de).

Baie hartlik geluk aan al die leerlinge en hul onderwyser.

## ATLETIEK: UITNODIGINGSBYEENSKOMS

As gevolg van 'n oorvol program het min skole hul weg oopgesien om aan die begin van die jaar ons uitnodigingsbyeenkoms by te woon. Die proefneming om dié byeenkoms na die vierde kwartaal te verskuif, was geslaagd en die volgende skole het aan die byeenkoms deelgeneem: Hoërskole Sand du Plessis, Ladybrand en JBM Hertzog, Laerskool Grey Kollege en gekombineerde skole Bethulie, Wepener, Rouxville, Excelsior en Zastron.

Erika Thormahlen was die groot uitblinker toe sy die spiesgooi vir dogters onder 16 met 'n rekordafstand van 38,65m gewen het.

Die volgende leerlinge het eerste plekke behaal: Lindie Kriel (2), W.E. Swanepoel, Manesté Fouché, Sanet Swanepoel, Heloise van Ronge, Herda Roodt, Nico Botha, Janine de Kock (2), Soné van Tonder, Hansie Steenkamp, Ruan Roux, Abrie du Plessis, Sarien Church, Stian de Witt, Christo Crous, Elmari Olivier, Wicus Jordaan, Melanie du Plessis en Marilette Watkins.

## VOORTREKKERKAMP

Twintig van die St.3,4,5 en 6-leerlinge het die geleentheid benut om hul Voortrekkerwees op Doornkloof uit te bou. Die Voortrekkers en hul offisiere was dit eens dat die kampe 'n onvergeetlike ervaring was. Leerlinge is o.a. aan die volgende blootgestel: Nagmarse, Staproetes, Natuur-en wildbewaring, Blommerangskikking (dogters), Skiet, Kosmaak, Sanguitvoering deur die kunstenaar, Danie Botha.

**En hoe het ons leerlinge dit self ervaar?**

Helét Swartz, St. 3 skryf: "Die Septembervakansie het ons op Doornkloof gaan kamp. Die busrit was redelik lekker, alhoewel dit nogal lank was. Die middag met aankoms is ons na ons lokale toe en is in spanne opgedeel. Die periodes het 2 uur begin. Ons het baie geleer en ook baie maats gemaak. Nou met die atletiekbyeenkoms het ek weer een van hulle gesien. Ons sê dankie vir mnr. Rochér en al die personeel wat hierby betrokke was." Sanet Swanepoel, St. 3 skryf: "Die Septembervakansie het ons op Doornkloof gaan kamp. Ons het baie geleer en die hele kamp heerlike kos geniet. As ek nou moet dink, sal ek sê die blaasorkes was die lekkerste. Ons het baie maats gemaak en sê dankie aan al die personeel daarby betrokke."

Marlee van Tonder en Sarien Church skryf: "Avontuurkamp van die St.5's op Suiderkruis was net 'n fees! Daar kon ons net onsself wees met 'n reuse Trekkersgees. Ons het heeldag gesing en gespeel. Ons het gedril en geskiet - geen ding was ooit verniet. Skuilings bou daar in die veld en doringbosse was groot pret. Die Suiderkruis-July was die hoogtepunt van ons kamp. Danie Botha het spesiaal vir ons kom sing en omtrent almal in die kamp het sy handtekening gevra. Bokjol en Gansdons was elke aand se groot lekkerte. Parades het later tweede natuur geword en die kampvuur-konsert het ons lekker laat lag. Ons sien uit na volgende jaar se kamp as ons in St.6 is.

Die Standerd Sesse skryf: "Ons was almal baie bang en senuweeagtig, want ons het nie geweet wat ons gaan ontdek nie. Ons meisies het van onthaalkuns geleer en ook ander aktiwiteite soos byvoorbeeld skouerruikers, blommerangskikkings en ook servette vou. Die seuns het die "nutsman-kursus" gevolg, o.a. om bande om te ruil, met elektrisiteit te werk en selfs trekker te bestuur. Ons het die seuns een aand onthaal. Elke span het 'n tafel gedek en ons het self die voorgereg en nagereg voorberei. Weens die waterskaarsste, was bad maar 'n luukse. Ons het ook Operasie Katvoet geloop, waar ons "booby's" moes misloop en regtig moes kophou. Namens ons almal baie dankie aan al die onderwysers en offisiere wat soveel moeite gedoen het. Almal het dit baie geniet en daar is weereens bewys dat die "Sesse die beste is!"

MULTIMARK
Reichenbergstr. 30
ZASTRON

Algemene Handelaar

TEL. 10

MODEL SLAGHUIS

*Ons spesialiseer in*

*Gerookte Varkboude*
*Skaap- en Varkribbes*
*Rookwors en nog vele meer*

TEL. 188

Eien. G.J.J. Schoeman & G.J. Marais



**BOOTS - 'N - ALL**

**Posbus 449**
**Zastron**

**TEL. 206**

**Pragtige kleure Penquin wol**
**Materiale, Skoene, Baba-afdeling**
**Skryfbehoeftes & Speelgoed**
**Alle naaldwerk-benodigdhede**

BESOEK ONS OOK VIR

***Groot verskeidenheid mansklere (alle grotes)***
***Groot verskeidenheid seuns- en meisiesklere***

Eienaars: Mevv. H. Labuschagne & C. Cruywagen


# KEIMOND-VAKANSIE 'N HOOGTEPUNT VAN KATEGESE LOOPBAA

**Ds. Nico de Klerk skryf:**
Die kategesekamp van vanjaar se St. 9-klas was 'n besondere ervaring. Een ding is seker, hulle het gees! Dit is voorwaar 'n plesier om met hierdie gemeenskap en skool se kinders iewers heen te gaan.

Ons het twee huise op Keimond gekry (George Smith en Boet Schoeman) en met twee kombi's en twee bakkies is die tog aangepak. Vanstadensrus se kinders en predikantspaar, Dewald en Rika Vermaak is ook saam.

Vir 'n week lank het ons gespeel, geswem, gestry, gesels, gebid, stil geword, gesing, geleer, geëet en gedrink. 'n Hoogtepunt was die "stil word" langs die see vroegoggende en die terugvoering daarna. "Dominee, voor my was 'n klein poeletjie. Soos die branders inkom en dit volmaak, so kom die Heilige Gees ons ook volmaak." "Soos die klein plantjie wat vasklou aan die rots, so moet ons vashou aan ons Vader." 'n Ander een vertel weer "Voor my voete was 'n klomp miere aan die werk. Skielik sien ek een wat afdwaal, maar gelukkig gaan 'n ander een tot by hom en bring hom weer terug na die ander. So moet ons ......."

Elke ete was 'n feesmaal. Daarvoor het ons ouers gesorg en as gevolg van deeglike beplanning is geen van die begrotingsgeld gebruik nie. Baie dankie aan Petra de Wet en Ryna Wessels vir hul harde werk by die kospotte. Fanie Jonker het gesorg vir die gas, pap wiele, vleisbraai, ens. Rick en Sunette Scott, die jeugouderling, se teenwoordigheid het baie beteken. Ook ds. Dewald en sy vrou, Rika se insette en betrokkenhe was 'n hoogtepunt en veral c sprong soos ou "Wimps" s ons nog lank bybly!


SPRINGBOK
KAFEE

TEL. 46

*Ons lewer 'n Eenstop-diens*

**Probeer gerus ons vleispasteie vis en skyfies**

*Ons bak daagliks*

# ZASTRON GHOLFKLUB

Reg Henning en Dermott Cusens speel in 'n kompetisie tydens Aliwal-Noord se viering van sy 104de bestaansjaar. Met die eerste nege putjies het hul goed gevaar met 23 punte en 'n vyfde plek. Die laaste deel was hul egter minder suksesvol en eindig twintigste.

Ses van Zastron se spelers het om 10 Oktober te Wepener gaan speel. Paul de Witt wen die Ope Dag met 'n telling van 114 houde vir die drie rondtes.

Op 17 Oktober is 'n "Guzzlers"-dag aangebied en 11 spanne het deelgeneem. 'n Mooi spangees het geheers en almal het die dag terdeë geniet.

Die uitslae was as volg: 1. Down Town Tigers (George en Tossie Smith, Des Schwartz, Dave Cronje) wen met 98 punte. 2. Die Boerespan (Reg Henning, Wolfie Meads, Herman Meyer en Cobus Pretorius) behaal 92 punte. 3. Fireballs (Gerhard Landman, Andre Steyn, Roux Fouche, Fanus Botes) het 92 punte. Die "sukkelbaan" (Riaan Denys, Eugene Heyns, Willie Bester) eindig dan in die laaste plek met 67 punte.

Baie geluk aan Jaco du Plessis wat 47 "stable"-punte gespeel het en sy voorgee sal nou gesny moet word! Dankie aan Ronnie van Tonder, Mike Smith, Phil Neads en Gawie Schoeman vir hul borgskap. Die Gholfklub spreek die vertroue uit dat julle volgende keer 'n bietjie beter sal vaar!

# OEFEN SOLANK VIR DIE DRIEKAMP

Die driekamp sal op 27 November plaasvind en om 17h10 by die Kloofdam in aanvang neem. Dit sluit 230 m swem, 3.3 km draf en 11 km fietsry in.

Louis Muller het 'n borg vir die dag gekry, dus is daar 'n hele paar pryse op die spel. Die verskillende afdelings waarin meegeding kan word, is skoolkinders, dames 19 - 35, dames 36 - 50, mans 19 - 32 en mans 33 - 50.

'n Braaivleis sal na die prysuitdeling by die Gholfklub gehou word. Inskrywingsgeld beloop R2 vir kinders en R5 vir volwassenes. Die vinnigste tyd wat tot dusver toe opgestel is, is 37 minute en 28 sekondes en die rekordhouer is Teewie Wessels.

# PLUIMBAL-NUUS

Die nuwe bestuur is as volg: Voorsitter - Kobus Steenkamp, Onder-Voorsitter - Jimmy Louw, Sekretaresse - Soentjies Louw, Sosiale lid - Charmaine Smith, Admini-strasie - Simon Tharratt.

Ons oefen op Maandae en Woensdae om 18h30 in die Kerksaal. Almal is welkom - beginners en juniors. Belangstellende juniors moet vooraf die sekretaresse kontak, tel. 98(w) of 620(h). Die koste vir seniors is R10 aansluitigsfooi en R5 maandeliks. Besoekersfooi - R2 per oefening. Rakette is by die klub beskikbaar

# DUIWE-UITSLAE

Op 19 September het die duiwe aan 'n ope vlug van 747 km vanaf Touwsrivier deelgeneem. 1. en 2. D. Fouche, 3. H. Hattingh, 4 en 5. D. van Zyl

'n Ope Vlug vanaf Matroosberg is op 26 September gevlieg. Die afstand was 767 km. 1. H. Hattingh, 2. A. Scorrano, 3. D. van Zyl, 4. J. Kruger, 5. H. van Wijk.

Op 3 Oktober is weer vanaf Matroosberg gevlieg - 1 en 2 D. Fouche, 3. D. van Zyl, 4. A. Scorrano, 5. D. Fouche.

Op 10 Oktober is die 868 km vanaf Malmesbury aangedurf en die uitslae was as volg: 1. D. Fouche, 2. H. Hattingh, 3. K. van Wyk, 4. A. Scorrano, 5. B. van der Merwe. Ook die 892 km vanaf Bellville is op 17 Oktober suksesvol afgelê. 1. D. Fouche, 2. D. van Zyl, 3. H. Hattingh, 4. L. Scorrano, 5. K. van Wyk.


ZASTRON

*DIE DORP MET 'N TOEKOMS*
*DIE DORP MET GROEIKRAG*

HONORE ET INDUSTRIA

**HIER VIND U**

***Ongeewenaarde natuurskoon en pulk ontspanningsgeriewe***
***Ideaal geleë woon- en nywerheidspersele teen redelike pryse***
***Munisipale dienste teen besonder billike tariewe***
***'n Gesonde, gematigde klimaat***
***Pulk woonwapark***
***Vakansieplase, Forel-vangste, Staproetes***
***Pulk hotel en verskeie toerisme-aantreklikhede***

**KOM BESOEK ZASTRON EN VESTIG U HIER**

Vir nadere besonderhede kontak
**DIE STADSKLERK, BUS 20, ZASTRON, 9950**
**Tel. (05542) 18**